GERRIT BEZUIDENHOUT gerrit.bezuidenhout@landbou.com

Een bloedlyn, vier kampioene – topteler vertel hoe

Die regte bloedlyne lewer kampioene op. Niemand weet dit beter as mnr. Erich Schulenburg wat die afgelope vier jaar reeds talle kampioene op die nasionale en ander Simmentaler-skoue gelewer het nie. Syfers is egter vir hom 'n bonus – hy steun nog sterk op sy goed geoefende oog.

Om vir vier jaar agtereenvolgens bulle te skou wat stof in mededingers se oë skop, verg meer as blote geluk. "Dit benodig 'n oog wat die regte bul kan raaksien en hom by die regte koei sal sit," sê Erich.

Hy boer al sedert 1992 nadat sy pa, Ewald, die stoetery in 1982 op die plaas Erico, Coligny, begin het. En dit is by sy pa dat hy geleer het om die regte bulle te identifiseer.

IN DIE BEGIN WAS DAAR NAPOLEON . . .

Die eerste van die bulle uit Erich se stoetery wat besonder goed presteer het, was 'n bul genaamd Erico Napoleon.

"Mnr. Fred Dell, tegniese raadgewer by die Simmentalertelersgenootskap, het Napoleon se oupa vir my aanbeveel. Die bul was oorspronklik van Duitsland afkomstig en op Fred se aanbeveling het ek Napoleon se pa met 'n Simmentalerkoei van Kanadese afkoms, Dynasty, gepaar. Die uiteinde was Erico Napoleon, wat in 2008 die reserwegrootkampioen op die nasionale kampioenskapskou op Vryburg was."

Boonop was hy in 2009 op die Lichtenburgskou die grootkampioen.

Sy seun, Erico E07116, was op die volgende nasionale kampioenskapskou op Vryburg

PLAASINLIGTING



LIGGING: Coligny, Noordwes

NAAM: Erico

EIENAARSKAP: Enkeleienaar

VERTAKKINGS: Simmentalerstoetery, asook mielies, sonneblomme en tef as aangeplante weiding

KORTOM

- Mnr. Erich Schulenburg van die Simmentalerstoetery Erico se bulle lewer vanaf 2009 tot verlede jaar grootkampioene in dieselfde bloedlyn op.
- Hy skryf sy sukses toe aan die visuele identifikasie van manlike Simmentalerbulle.
- Kruisteling hou vele voordele in – en in sy program benut hy goeie bulle wat uiteindelik op bykans R1 000 meer per speenkalf neerkom.



LINKS: Erico Napoleon, die eerste van die legendariese bloedlyn wat reeds vier kampioene opgelewer het.

BO: Erico Brussouw was in 2012 en 2014 die grootkampioen op die Lichtenburgskou en ook die reserwegrootkampioen op die nasionale kampioenskapskou. Een van die fenotipiese eienskappe waarvoor Erich Schulenburg selekteer, is 'n sterk, manlike kop.

REGS BO: Erico E07116 was op die nasionale kampioenskapskou op Vryburg in 2011 die grootkampioen en ook die wenner van die goue beker.

REGS: 'n Groep jong bulle van die Erico-stoetery.

in 2011 die grootkampioen en hy was ook die wenner van die goue beker wanneer die verskillende beesrasse teen mekaar meeding. Hy was ook in 2010 en 2011 die grootkampioen op die Lichtenburgskou.

Erico E07116 se seun, Erico Brussouw was in 2012 en 2014 die grootkampioen op die Lichtenburgskou en ook die reserwegrootkampioen op die nasionale kampioenskapskou. "En sý seun, Erico E12179, was verlede jaar op sy beurt die grootkampioen op die Lichtenburgskou," vertel Erich oor 'n bloedlyn wat sedert 2009 nog net kampioene opgelewer het.

Nie een van die bulle is vandag meer deel van Erich se kudde nie en elkeen het 'n nuwe tuiste elders in Suider-Afrika gevind.

"Erico Napoleon is aan mnr. Bertus Walters van Walsem Simmtentalers in Namibië verkoop. Daar het hy meer as 440 kalwers verwek. Erico E07116 is aan mnr. Jaques Swart van Malemba Simbras op Vryburg verkoop, terwyl Erico Brussow 'n tuiste by mnr. Brendan Pretorius van Robel Ranches in Botswana gevind het. Erico E12179 is ook in Botswana waar die bul aan mnr. Rudi Lemke verkoop is.

'SYFERS NET 'N BONUS'

Verskeie stoetboerderye het hul eie resep om goeie bulgene te identifiseer, maar Erich meen dat sigwaarde nie onderskat moet word nie. Hy meen dat daar die afgelope paar jaar 'n neiging onder voornemende bulkopers ontstaan het om eers 'n bul se syfers te ontleed nog voordat die dier gesien is. "Kopers maak eers in hul koppe 'n besluit oor 'n spesifieke bul nog voordat hulle hulself vergewis het van sy fenotipiese eienskappe," sê hy.

Erich verkies om eerder die bul self onder oë te kry – goeie syfers is vir hom net 'n bonus.

"Die syfers pla my nie veel nie, want ek beoordeel die bul op sigwaarde. 'n Goeie bul moet, benewens die regte strukturele korrektheid, sterk manlik voorkom. In hierdie geval moet hy 'n sterk kop en 'n goed ontwikkelde skof hê, met eweredige bespiering en 'n stewige agterkwart. Die bul mag ook 'n bietjie meer harig in sy nek wees, pleks van gewoon gladde hare te hê," sê hy.

Erich sê die identifisering van goeie bulle is 'n vaardigheid wat ontwikkel moet word.

"Die beste raad is om deurentyd bulle te bekyk en hul fisieke eienskappe te beoordeel. Daardeur bou jy ondervinding op en kan jy later bulle begin identifiseer wat die beste sal presteer."

Hy sê dat daar ook 'n besliste fisieke verskil is tussen bulle wat goeie bulkalwers gaan lewer en dié wat goeie verse gaan teel.

"Manliker bulle, diegene met onder meer harder bespiering en 'n goeie skof, is meer daartoe geneig om 'n sterker bulkalf te teel, terwyl bulle wat beter vroulike diere gaan teel, se skowwe oorwegend kleiner is met 'n sagter bespiering. Dit is ook gewoonlik hierdie bulle wat mooier van die kant af vertoon. Boere moet dus onthou dat die prentjiemooi bul nie altyd die bul gaan wees wat op sy beurt goeie bulkalwers gaan teel nie omdat hulle daartoe geneig is om mooier vroulike diere te teel," sê hy. Die keuse van bul gaan op die ou einde uiteraard afhang van die doel van die boer se kudde.

Mnr. Erich Schulenburg

PARINGKEUSE HANG AF VAN FENOTIPE

Om die regte aanteel te kry, hang egter nie net van die bul af nie. Erich sê dit is net ▸